HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

Kennisgewing Nr. PA-BM -01/2020

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste (**www.hantam.gov.za**) van Hantam Munisipaliteit. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

PERSOONLIKE ASSISTENT: KANTOOR VAN DIE BURGEMEESTER
(KONTRAK POS GEKOPPEL AAN DIE TERMYN VAN DIE BURGEMEESTER)

VEREISTES:

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

- Graad 12
- 2 Jaar toepaslike ondervinding.
- Ondervinding in Plaaslike Regering.
- Rekenaargeletterdheid (MS Office pakket).
- Professionele ontvangs- en telefoon etiek
- Goeie taalvaardighede (ten minste Afrikaans en Engels)
- Goeie administratiewe en rapporterings vaardighede.
- Goeie menslike verhoudings, interpersoonlike- en kommunikasievaardighede.
- Hoë vlak van verantwoordelikheid en vermoë om onder druk te werk.
- Vermoë om vertroulike skrywes/e-posse/notules ens. te hanteer en te handhaaf
- Bereid om na ure te werk
- Geldige Kode B Bestuurderslisensie

SLEUTEL PRESTASIE AREAS

- Skeduleer en beplan die Burgemeester se dagboek en aktiwiteite
- Skeduleer en organiseer interne en eksterne vergaderings, insluitend die voorbereiding en koördinering van agendas en notules
- Voorsien administratiewe en sekretariële ondersteuningsdienste
- Die opvolg van die publiek se dienslewering klagtes en koördineer terugvoer aan die publiek
- Onderhou die uitvoerende korrespondensie/inligting- en rekordstelsel
- Hanteer Ontvangs en telefoon oproepe

STANDPLAAS: Calvinia

SALARIS: Die beginkerf van posvlak T07 (R12 114.00 per maand)

SLUITINGSDATUM: Vrydag 24 Januarie 2020

Gesertifiseerde afskrifte van Identiteitsdokument, Kwalifikasies, asook ‘n volledige CV moet u aansoekvorm vergesel.
Indien u nie binne 3 weke na sluitingsdatum terugvoering vanaf die Munisipaliteit ontvang nie, kan u, u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

Neem kennis:

- Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- E-pos aansoeke sal ook aanvaar word.
- Gunswerwing by Raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.

Aansoeke kan gerig word aan die Munisipale Bestuurder by die onderstaande adres:

Mnr. J.I. Swartz
Tel: 027-3418 500
Faks: 027-3418 501

Hantam Munisipaliteit
Dr. Nelson Mandela Rylaan 20
Privaatsak X14
Calvinia, 8190

Navrae en E-pos aansoeke kan gerig word aan: Die Senior Bestuurder: Finansies en Korporatiewe Dienste; Mnr. W. Jonker, by wjonker@hantam.gov.za

- Hantam Munisipaliteit is ‘n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
- Hantam Munisipaliteit behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te doen nie.